Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

NUUSBRIEF: 28 (30 Aug – 6 Sep 2024)

SPORT

KRIEKET

Krieket teen Douglas

Neem asseblief kennis dat Donderdag se O/11 en O/13 wedstryde teen Douglas afgestel is, weens Douglas se datums wat bots.

Dogterskrieket

Baie sterkte aan ons O/13 dogterskrieketspan wat Maandag, 2 September teen Fichardtpark Laerskool te staan kom. Die wedstryd vind plaas by Fichardtpark Laerskool se krieketveld om 14:00. Die span verdaag om 11:00 en vertrek om 11:15.

Mini-Krieket

Die mini-krieket groep wat sou deelneem aan Prieska se mini-krieketdag in Prieska op 7 September, is uitgestel na volgende kwartaal. Nuwe datum sal deurgegee word.

TENNIS

Itec Jakkies O/12 Tennistoernooi

Itec Jakkies O/12 Tennistoernooi wat die afgelope naweek plaasgevind het, was 'n groot sukses en het tennisliefhebbers van regoor die streek bymekaargebring. Die toernooi, wat bekend is vir sy hoë standaard en uitstekende spel, het jong talent die kans gegee om hul vaardighede te wys. Mededingers van verskillende skole soos Laerskool Ladybrand, Laerskool Seodin, Hoërskool Douglas, Trompsburg Primêre Skool asook Jacobsdal Primêre Skool het aan die kompetisie deelgeneem.

Die Jakkies O/12 seunsspan het egter die kollig gesteel deur as wenners in die seunsafdeling gekroon te word. Hul pad na die oorwinning was nie maklik nie, maar met deursettingsvermoë, spanwerk en die nodige talent, het hulle elke wedstryd met selfvertroue aangepak en oorheersend gewen. Die dogtersafdeling was ’n ander storie met 12 talentvolle dogters wat teen mekaar gespeel het. Elke dogter moes hard werk en aan die einde van die dag was dit Bianca Botha van Trompsburg wat as wenner van die dogtersafdeling gekroon is.

Die Jakkies O/12-seunsspan het nie net 'n trofee huis toe geneem nie, maar ook die harte van almal wat die geleentheid bygewoon het en hul prestasie dien as 'n inspirasie vir toekomstige tennisspelers.

Hier volg die uitslae van die toernooi:

<u>Seunsafdeling</u>

1ste - Jakkies 1
2de – Trompsburg 1
3de - Ladybrand 1

Dogtersafdeling

1ste – Biancha Botha (Trompsburg)
2de – Elandi Bothma (Ladybrand)
3de – Reizette Coetsee (Ladybrand)

OUERS

KONSERT
Ons hou konsert op 17-19 September in die skoolsaal.

Op 17 September vind die kleedrepetisie plaas. (18:00 vir 18:30). Kaartjies sal teen R20 pp by die deure beskikbaar wees. Geen besprekings nodig vir die kleedrepetisie nie.

Vir 18 en 19 September se konsert, kos die kaartjies R150 pp en sluit ‘n ete en koeldrank in. Dit begin om 18:00 vir 18:30. Daar sit 10 mense aan die ronde tafels en 8 mense aan die vierkantige tafels.
Besprekings kan vanaf 2 September by die finansiële kantoor gemaak word.
NB Stappe:

- Besprekings moet telefonies of by die finansiële kantoor tussen 08:00 – 14:00 gemaak word. Geen whatsapps vir besprekings.
- EFT betalings word in die skool se rekening gemaak. Kontant betalings by finansiële kantoor.
- Indien EFT betaling, gebruik verwysing: Naam + konsert.
- Betalings mag slegs geskied as kaartjies reeds bespreek is.
- Betaling bevestig eers bespreking, dan kan kaartjies by finansiële kantoor afgehaal word.

BEDANKING
Baie dankie aan Petro & Janine Schoeman wat gehelp het om ons tuin so mooi reg te ruk.
Julle hulp en insette word opreg waardeer!
Ook ‘n hartlike dank aan Tarryn Bloem, Ansabet Snyman en Anri Reutener wie ons Waarde-pilare mooi geverf het.

NEEM KENNIS
Die nadraai van die Winter is nog met ons. Kinders het loopneuse. Maak asb. seker u kind is in besit van ‘n sakdoek of “tissues”.

LEERDERS

TOETSWEEK
Toetsweek eindig Vrydag, 6 September. Skool gaan daarna normaal voort tot en met 20 September. Daar is nog heelwat assesserings wat in sekere vakke afgehandel moet word. Jy het NIE toestemming om by die huis te bly na die toetsweek nie.

MUSIEK
Baie sterkte aan Claire Combrink, Simon de Witt en Christibe de Witt wat Maandag, 2 September aan Unisa klaviereksamen in Kimberley gaan deelneem.

SPELLING BEE/READING PASSAGE
Sterkte aan Irma Strydom wat vanaf 3 September tot 5 September aan die provinsiale kompetisie gaan deelneem. Ons is trots op jou en hou baie styf duime vir jou vas!!

GR.2 KOEKIEVERKOPING
Die gr.2s hou Maandag, 2 September ‘n koekieverkoping. Bring gerus ‘n geldjie saam om hulle te ondersteun.

WOW SPELKOMPETISIE
Baie sterkte aan die leerders wat aan die Vrystaat byeenkoms gaan deelneem:
Datum: Vrydag, 6 September
Tyd: 13:30 vir 13:45
Plek: Pres. Brand Primêre Skool, Bloemfontein
Leerders moet skoolklere (netjiese wintersdrag) aantrek. Geen loslitdrag. Slegs loslitplakker. Hierdie leerders sal om 11:00 verdaag en die bus sal om 11:15 vertrek vanaf die skool.

GR.7 ENTREPRENEURSDAG
Die gr.7s het hul jaarlikse entrepreneursdag op Vrydag, 6 September vanaf 10:00 – 12:30. Ouers is ook welkom om hul stalletjies te kom besigtig en om hulle te ondersteun. Almal moet ‘n geldjie saambring om hulle te ondersteun.

LOSLITDAG
Loslitdag vind plaas op Vrydag, 6 September. Hierdie jaar se tema is “I SEE YOU”. Dit is ook Loslit se 30ste bestaansjaar wat hulle mense met gestremdhede ondersteun. Plakkers kan teen R20 by die BOEKSTOOR en by JOS gekoop word. Die plakker is elke leerder se fooi om op 6 September sivvies te dra en aan te trek volgens die tema. ‘n Gedeelte van die plakker se fondse gaan na Jakkies Opwaarts Sentrum. Ondersteun asb. vir JOS en koop vandag nog jou plakker. Die tyd raak min, nog net een week oor om jou plakker te koop.

SOMERSKLERE
Leerders is nog nie verplig om somersklere aan te trek nie, maar kan vanaf Maandag, 2 September, as die weer dit toelaat, somersklere aantrek. Hulle moet asb. net warm klere saambring.

BYBELVASVRAE
Baie geluk aan die Bybelvasvrae-span. Uit die 10 spanne in die Vrystaat, het hulle ‘n 4de plek behaal. Ons is baie trots op julle!

KLINIEK
Die kliniek besoek die skool op 4 September om vir die gr.5 seuns en dogters die TD-inenting toe te dien (tetanus en difterie). Dit help teen infeksies. Dit sal slegs toegedien word aan leerders wie se ouers toestemming gegee het op die gesondheidsvorm wat aan die begin van die jaar ingevul was.

3D VIRTUELE ERVARING
VR Education besoek ons skool weer op 13 September. Die kinders geniet die ervaring vreeslik deur ‘n 3D bril. Hierdie jaar het ons dinosourusse as tema gekies. Ons wil graag hê almal moet dit beleef, so spaar solank jou R50.

SIVVIEDAG
Ons vier Lentedag! Leerders kan op Maandag, 2 September gratis sivvies aantrek.

…… ……..
T.E. MOSTERT
Skoolhoof

GEBEDSLYS:

Ons leerders vir die toetsreeks.

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

VAKATURE

Beheerliggaampos

Grondslag – fase (Graad 1-3)

Algemene onderrigvakke

AANSOEKE MOET VERGESEL WORD MET Ñ VOLLEDIGE CV, VERWYSINGS, BEWYS VAN KWALIFIKASIES EN POLISIEKLARING.

VEREISTES:

1. ñ Erkende onderwyskwalifikasie
2. Kandidate moet in besit wees van ñ geldige SACE- sertifikaat
3. Buitekurrikulêre betrokkenheid (sport -/ kultuurafrigting)
4. Ervaring sal in die kandidaat se guns tel.

Stuur aan: skoolhoof@jakkies.com
of handig in by Jacobsdal Primêre Skool
0721408634/ 0530505986

Salaris sal in die onderhoud bespreek word.

Sluitingsdatum: 8 November 2024
Diensaanvaarding: 1 Januarie 2025

Indien u geen terugvoer ontvang nie, beskou u aansoek as onsuksesvol.
Jacobsdal Primêre Skool behou die reg om nie die pos te vul nie.

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

VAKATURE

Beheerliggaampos

Intersen - fase (Graad 4-7)

Algemene onderrigvakke

AANSOEKE MOET VERGESEL WORD MET Ñ VOLLEDIGE CV, VERWYSINGS, BEWYS VAN KWALIFIKASIES EN POLISIEKLARING.

VEREISTES:

1. ñ Erkende onderwyskwalifikasie
2. Kandidate moet in besit wees van ñ geldige SACE- sertifikaat
3. Buitekurrikulêre betrokkenheid (sport -/ kultuurafrigting)
4. Ervaring sal in die kandidaat se guns tel.

Stuur aan: skoolhoof@jakkies.com
of handig in by Jacobsdal Primêre Skool
0721408634/ 0530505986

Salaris sal in die onderhoud bespreek word.

Sluitingsdatum: 8 November 2024
Diensaanvaarding: 1 Januarie 2025

Indien u geen terugvoer ontvang nie, beskou u aansoek as onsuksesvol.
Jacobsdal Primêre Skool behou die reg om nie die pos te vul nie.

Our theme for 2024 is...
I SEE YOU!
celebrating 30 years!
Casual Day
with Persons with Disabilities
1994 - 2024
I SEE YOU
a project of NCPD National Council of & for Persons with Disabilities
Join us in celebrating 30 years of impact!
FRI 6 SEPT
#CASUALDAY2024
#ISEEYOU

celebrating
30 years!
Casual Day™
a project of the
NCPD
National Council of & for Persons with Disabilities
with persons with disabilities